22 Oktober **Skrifgedeelte: Eksodus 24 en 32**

Sê ja vir ‘n lewende verhouding met God

God het op grond van sy verlossingswerk met Israel ‘n ooreenkoms aangegaan dat Hy vir hulle sou sorg, hulle sou beskerm en sy seën op hulle sou laat rus. Israel moes egter van hulle kant onderneem om aan Hom getrou te bly en sy voorskrifte uit te voer. Die volk het heelhartig “*ja*” gesê vir hierdie verbond. Minder as twee maande later het die volk egter reeds die verbond verbreek en vier hulle fees rondom ‘n goue kalf.

Ons sien dit nog gedurig gebeur. Baie jongmense wat met oortuiging “*ja*” voor die kansel sê, raak die spoor byster. Waarom?

Israel was gedurig ongeduldig oor hulle omstandighede omdat hulle hul verlossing wou meet in terme van brood en botter. Klaarblyklik het hulle nie werklik besef wat hierdie verlossing behels nie en het hulle uitsig verloor op die Kanaän waarheen hulle op pad was. Verstaan jy die omvang van jou verlossing in Christus en het jy uitsig op die heerlikheid waarheen jy op pad is?

Israel het “*ja*” gesê vir die verbond terwyl hulle bang was vir God. Hulle wou op ‘n afstand bly en Moses moes namens hulle optree. Sê jy “*ja*” omdat jy voel dat dit van jou verwag word? Wil jy God liewer op ‘n afstand hou en sien jy die ampsdraers as tussengangers?

Israel was baie afhanklik van Moses. Hulle argument met die maak van die kalf was juis dat Moses te lank wegbly. In watter mate is die standaard van jou godsdiens afhanklik van die teenwoordigheid van mense, byvoorbeeld jou ouers?

God wil nie ‘n koue, kontraktuele verhouding met jou hê nie maar ‘n warm, persoonlike verhouding.

Sing: Psalm 45:9,10,16 Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)